# GODSKONSEPTE TYDENS PASTORALE GESPREKVOERING

F. J. van Jaarsveld[1] en J. Janse van Rensburg[2]

## ABSTRACT

## CONCEPTS OF GOD IN PASTORAL COUNSELLING

There are indications that people's concepts of God are not adequately considered in existing models for pastoral counselling. These refer to differences among people's concepts of God as result of their stages of life, personal constructs, and the restructering of inappropriate concepts of God. Research in this regard comprises an evaluation of relevant literature and an empirical investigation. In the literature study a theological anthropology is critically analised, a number of pastoral models evaluated, a theological basic theory formulated and a theory in practice compiled. Evaluation of the empirical research reveals important differences in concepts of God among three groups of individuals in different stages of the adult life cycle, as well as some influence of the individual's personal construct system. These observations result in the postulation of a supplementary model for pastoral counselling.

## OPSOMMING

Die vermoede bestaan dat die rol van Godskonsepte nie volledig in bestaande modelle vir pastorale gesprekvoering verreken word nie. In hierdie verband word verwys na verskille by persone se Godskonsepte as gevolg van die bepaalde lewenstadium waarin hulle verkeer, persoonlike konstrukte, en die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte. Navorsing van bogenoemde probleem sluit sowel 'n literatuur- as 'n empiriese ondersoek in. Vanweë die dogmatiese konteks van Godskonsepte word 'n teologiese antropologie as vertrekpunt krities ondersoek. Daarop volg evaluering van 'n aantal pastorale modelle, die formulering van 'n teologiese basisteorie en die daarstelling van 'n praktykteorie. Evaluering van data wat met die empiriese ondersoek verkry is, toon belangrike verskille in mense se Godskonsepte tydens drie stadia van die volwasse lewensiklus. Verskille as gevolg van individue se persoonlikekonstruk-sisteme is ook gevind. Dit lei tot die postulering van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering.

1 Prof. F. J. van Jaarsveld, afgetrede professor in Bedryfpsigologie/Psigologie aan die Universiteit van Venda; Doktorale student, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

2 Prof. J. J. van Rensburg, Departementshoof, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

## 1. PROBLEEMSTELLING

Taylor (1991:8) bied 'n psigoterapeutiese model vir gesprekvoering aan waarin dit gaan om verandering van 'n persoon se denke. Egan (1994:22-41) stel 'n model voor wat daarop ingestel is om die gespreksgenoot te help met die aanleer van effektiewe probleemhanteringsgedrag. Louw (1997: 411-415) sien egter die noodsaaklikheid van 'n wysiging van Egan se model teen die agtergrond daarvan dat 'n pastorale antropologie van 'n psigologiese antropologie verskil. Met gebruikmaking van die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en normatiewe komponente kom hy tot die ontwerp van 'n eiesoortige gespreksmodel. In Louw se model speel Godskonsepte 'n belangrike rol. Hieroor later meer.

Addisioneel tot die rol van Godskonsepte by pastorale gespreksmodelle in die algemeen, fokus die navorsingsontwerp in hierdie artikel op twee verdere leemtes: *Eerstens* word individuele verskille in Godskonsepte wat verband hou met beskouinge van die persoonlikekonstruk-teorie (sien Kelly 1955), nie genoegsaam in bestaande gespreksmodelle verreken nie. *Tweedens* kry moontlike verskille in mense se godsdienstige oriëntasie en gepaardgaande Godskonsepte tydens verskillende lewenstadia (sien Gerdes *et al*. 1981:310-311; Allport 1963:303) nie voldoende aandag in bekende modelle vir pastorale gesprekvoering nie. Daar word dus gekonkludeer dat dit in belang van die poimeniek is om verdere aandag aan die rol van Godskonsepte in pastorale gespreksmodelle te gee.

## 2. NAVORSINGSHIPOTESE

Met verwysing na die voorafgaande probleemstelling bestaan die vermoede dat 'n aanvullende gespreksmodel vir die hantering van eksistensiële nood en geloofsgroei gepostuleer kan word. In dié model kan implikasies van die persoonlikekonstruk-teorie en die betekenis van Godskonsepte tydens die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus geïntegreer word.

## 3. NAVORSINGSMETODIEK

Ten einde vas te stel in watter mate mense se Godskonsepte tot op hede in die poimeniek en pastorale gesprekvoering funksioneer, word 'n vergelykende ontleding en interpretasie van bestaande vakliteratuur gemaak. Vanweë die dogmatiese konteks van Godskonsepte word 'n teologiese antropologie as vertrekpunt krities ontleed. Vervolgens word 'n aantal saakmakende pastorale modelle geëvalueer. Dit lei tot die daarstelling van 'n teologiese basisteorie wat as norm dien vir die ontwerp van 'n praktykteorie

waarin 'n psigopastorale antropologie geformuleer word. Op grond daarvan dat die literatuur gewag maak van moontlike verandering van mense se godsdienstige oriëntasie tydens verskillende lewenstadia, word individue se Godskonsepte gedurende verskillende stadia van die volwasse lewensiklus empiries ondersoek. Dit word in die voortuitsig gestel om met hierdie inligting 'n opgegradeerde praktykteoretiese model vir pastorale gesprekvoering as aanvulling tot bestaande modelle te postuleer.

# 4. GODSKONSEPTE AS FUNDAMENTELE BEGRIP

Dit behoort nou reeds duidelik te wees dat die navorsingsontwerp die teologiese gestaltegewing van die pastorale gesprek rondom mense se konsepte van God wil struktureer. Godskonsepte word om verskeie redes gekies. Eerstens beklee die begrip Godskonsep 'n sleutelposisie in 'n *teologiese antropologie* wat grootliks die pastorale terapeut se doelwit en terapeutiese werkswyse bepaal. In aansluiting by die terapeut se antropologiese oriëntasie word verder aan sy terapeutiese benadering gestalte gegee deur die pastorale model waaruit hy opereer. Hier figureer die begrip Godskonsep deurslaggewend. Verder besit 'n *basisteorie* wat relevante teologiese materiaal rondom 'n bepaalde tema orden (wat in die geval van hierdie navorsingsontwerp Godskonsepte is) 'n krities-normatiewe funksie in die ontwikkeling van 'n praktykteorie. 'n *Praktykteorie* met 'n psigopastorale antropologie as basis vir die ontwerp van 'n pastorale gespreksmodel kan betekenisvol rondom die konsepte wat mense van God het, gestruktureer word.

## 4.1 Godskonsepte, pastorale gesprek en teologiese antropologie

Tussen antropologie en pastoraat bestaan 'n hegte verband (Kotzé 1971:16-19; Louw 1997:5). Nêrens word egter in die Bybel 'n geordende beskrywing van die mens gevind nie (Berkhof 1962:11-12; Van Pelt 1999:294). Slegs hooflyne word waargeneem. In die verlede is gepoog om 'n teologiese antropologie in Christus te fundeer (Barth 1959:64-82); ook in die mens-voor-die-sondeval (sien König 1991:45). Bavinck (1918:595-605) bespreek die verhouding tussen die Godsleer en 'n teologiese antropologie. In hierdie navorsingsontwerp word fundering van 'n teologiese antropologie in die Godsleer gemotiveer. Dit geskied in aansluiting by König (1991:4) se inhoudelike beskrywing van die mens as *beeld van God*, 'n *verbondswese* en 'n *verhoudingswese*. Gedagtig aan Pesch (1983:35) se opmerking dat dit 'n onwerklike mens is oor wie nagedink word as sy sondaarwees buite rekening

gelaat word, word die mens ook as *sondaar* bespreek. Die volgende aspekte word as onontbeerlike grondmotiewe vir die strukturering van Godskonsepte vir die pastorale terapie beskou.

### 4.1.1 Die mens as beeld van God

Oor die *identiteit* van die beeld van God by die mens is verskillende menings uitgespreek. Verskeie outeurs beklemtoon egter dat die hele mens, liggaam en siel, beeld van God is (Bavinck 1918:569; Berkouwer 1957:77; Heyns 1988:125). Wat die *inhoud* van die beeld van God betref, verklaar Heyns (1988:126-127) dat die mens in sy *bestaanswyse* en in sy *handelswyse* beeld van God is. Die beeldverhouding tussen God en die mens impliseer sekere menslike eienskappe analogies aan dié van God — eienskappe soos liefde, vryheid, heiligheid en getrouheid (König 1991:64).

### 4.1.2 Die mens as verbondswese

Die Bybelse konsep *verbond tussen God en die mens* het beslissende betekenis vir 'n teologiese antropologie. Die *karakter* van die verbond word deur König (1991:15-18; sien ook Janse van Rensburg 1996:156) as 'n verhoudingsgerigte werklikheid beskryf. Dit is 'n wedersydse, 'n genade-, 'n vaste en 'n korporatiewe verhouding. Uit die verbondsgestemdheid van die mens vloei voort dat hy 'n eskatologiese wese is waardeur sin aan sy lewe in die vorm van 'n toekomsperspektief gegee word (König 1991:18-20). Die verbondsverhouding impliseer ook dat God eienskappe openbaar waarop die mens aanvullend of komplementerend reageer. Dit behels menslike eienskappe soos gehoorsaamheid, dankbaarheid en vertroue.

### 4.1.3 Die mens as verhoudingswese

In die vakliteratuur is daar duidelike uitsprake aangaande die mens as 'n verhoudingswese (Berkhof 1962:31; Kotzé 1971:156; Kruispunt 2000:7). Hierdie navorsingsontwerp beskryf die mens in navolging van Berkhof (1962:27) en Heyns (1988:128-129) as basies in verhouding tot *God* en tot die *skepping*. Heyns (1988:130-137) onderskei die volgende verhoudings tussen die mens en die skepping: verhoudings tot sy medemens, homself, die natuur, die kultuur en die strukture.

### 4.1.4 Die mens as sondaar

Sondaarwees raak die mens as beeld van God, as verbondswese en as verhoudingswese. Berkouwer (1957:35) wys daarop dat die beeld van God in die mens sodanig deur die sonde aangetas is dat sy konformering met die wil

van God skade berokken is. As verbondswese reageer alle mense nie positief op die verbond nie. By die mens as verhoudingswese word sonde openbaar in sy verhouding teenoor God en sy verhouding teenoor die skepping. Berkouwer (1957:152) beskryf sonde as "... manifestaties van de éne vervreemding van God". Verhoudings met die skepping word nie noodwendig deur die sonde verbreek nie, maar in ontwrigte vorm negatief gevul (Berkhof 1962:66-67): 'n verhouding van liefde word byvoorbeeld 'n verhouding van haat. Pastorale gesprekvoering is in dié sin hiermee gemoeid dat wanneer verhoudings verwring word, dan kan mense ernstige lewens- en geloofsprobleme ondervind.

## 4.2 Godskonsepte, pastorale gesprek en pastorale modelle

'n Oorsigtelike evaluering van die poimenetiese vakliteratuur toon dat pastorale gesprekvoering in die verlede telkens met 'n eie identiteit geworstel het. Thurneysen (1963) se besondere klem op verkondiging van die Woord, Hiltner (1958) se realisering van sy pastorale doelwitte deur verwesenliking van innerlike menslike potensiaal, Adams (1973) se outoritêre, vermanende konfrontasie, Rebel (1981) se pneumatologiese perspektief, Louw (1984, 1997) se eskatologiese model en die narratiewe benadering (Dill & Kotzé 1997; Müller 1996) is maar enkele voorbeelde. Al hierdie aksente belig die pastoraat van verskeie kante. Tog beteken dit nie noodwendig dat die laaste woord daarmee gespreek is nie.

Gestaltegewing van die pastorale gesprek vind plaas binne die raamwerk van 'n spesifieke pastorale model (Louw 1997:160). In hierdie verband verdien die volgende sake aandag:

- In die *kerugmatiese model* (Thurneysen 1963, 1968, 1976) is die doelwit uitsluitlik om die gespreksgenoot deur verkondiging van die Woord tot vergifnis van sonde te lei. Met die oog hierop word die gesprek beheers deur die soewereiniteit van God, die verdorwenheid van die mens en lewendmaking deur die Gees. Adams (1973:20-25; 1974:94-138, 508; 1976:31-32, 57-62) sluit met sy *noutetiese model* hierby aan wanneer hy erns maak met die beeld van die mens soos dit manifesteer in sonde, versoening en die werk van die Heilige Gees. Hy vind dit nodig dat die pastorale gesprek op 'n vermanende, outoritêre en direktiewe wyse plaasvind (Adams 1773:51, 55; Adams 1974:17). Dit word opgevolg deur Rebel (1981:248-263) se "pneumatische pastorant-centraalstellende zielzorg". In hierdie model word die mens deur die werk van die Heilige Gees God se gespreksgenoot. Deur sy gebed neem hy deel aan die wêreldregering. Louw (1984, 1997) sluit met sy *konvergensiemodel* vir die pastoraat hierby aan. Hy beklemtoon die eskatologiese

perspektief waardeur die eiesoortigheid van die pastorale gesprek gehandhaaf word.

- In teenstelling met die voorafgaande postuleer Heitink (1979, 1993, 1999) die bipolêre *hulpverleningsmodel*. Deur die pastoraat te verbreed, toon hy aan dat die kerk as 'n dienslewerende organisasie naas ander instansies in die pastorale werk ook 'n buite-kerklike gerigtheid moet hê. Sy standpunt hou egter die gevaar in dat die pastorale praktyk in 'n krisispastoraat ontwikkel waarin dit net om een saak, en dit is probleme, gaan. Hiltner (1958, 1959) toon ooreenkomste met Heitink se standpunt. Hy bied 'n relatief gestruktureerde gesprekstegniek. Sy pastorale doelwitte wil hy bereik deur die helende krag van innerlike menslike potensiaal wat deur die psigoterapeutiese beraad vrygestel word. Teenswoordig geniet die *narratiewe model* wat sy wortels in die postmodernisme het, besondere aandag. Met sy fokus op taal en dekonstruksie kry dit 'n plek in die pastorale gesprekvoering. Deur nuut na versteekte betekenisse in tekste te kyk, word die weg geopen vir die pastoraal-terapeutiese aanwending van die narratief.

## 4.3 Godskonsepte, pastorale gesprek en teologiese basisteorie

'n Basisteorie besit 'n normatief-kritiese funksie om in samewerking met hulpdissiplines 'n praktykteorie te ontwikkel (Lemmer 1991:14; Louw 1997:5). In hierdie navorsingsontwerp orden 'n basisteorie relevante teologiese materiaal rondom die tema van Godskonsepte met die oog op die ontwerp van 'n model vir pastorale gesprekvoering.

### 4.3.1 Die verbond as grondmotief vir pastorale gesprekvoering

Müller (1981:33-35) toon aan dat pastorale sorg met verbondsluiting, verbondshernuwing en verbondsbevestiging te doen het. De Klerk (1985:32-39) visualiseer *verbondstrou* as vertrekpunt en *verbondsherstel* as mikpunt vir die pastorale gesprek. Louw (1984:43) kom vanuit die perspektief van die eskatologie tot die gevolgtrekking dat pastorale sorg verbondskommunikasie van Godsontferminge is. Janse van Rensburg (1996:152-165) voer aan dat die verbond die waarborg is dat God met die noodlydende bemoeienis maak. In die lig van die voorafgaande word die stelling gemaak dat 'n verbondsraamwerk aan die pastorale gesprek die geleentheid bied om God as 'n liefdevolle en genadige God aan mense te kommunikeer.

### 4.3.2 Eskatologiese perspektiewe vir pastorale gesprekvoering

Die eskatologie word deur Janse van Rensburg (1996:159) beskryf as die uitwendige gerigtheid van die verbond. Louw (1984:36) ontleed die eskatologie struktureel as *gerealiseerde, presentatiewe* en *futuriese eskatologie*. As sulks bevat dit 'n perfektiese moment (die alreeds van die heil), 'n presentiese moment (die realisering van die heil) en 'n futuriese moment (die voleindiging van die heil). Die teleologiese gerigtheid van die eskatologiese perspektief in die basisteorie gee doel en sin aan die pastorale gesprek.

### 4.3.3 Paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte

Tradisioneel word die wese van God in metafisies-ontologiese terme of abstrakte synskategorieë verklaar. Louw (1997:110) is egter van mening dat abstrakte synskonsepte wat op metafisiese wyse oor God spekuleer, dikwels die rede is waarom gelowiges in tye van krisis nie hulle geloof in God sinvol kan aanwend nie. Hy lê klem op die noodsaaklikheid om God teen die agtergrond van probleme in metaforiese vorm te verstaan. In hierdie navorsingsontwerp word die mening gehuldig dat die gans andersheid van God wel in metafisiese terme gesien kan word, maar tegelykertyd word Hy in die pastorale gesprek metafories naby die gespreksgenoot gebring, bevatlik gemaak.

### 4.3.4 Pneumatologiese perspektiewe vir pastorale gesprekvoering

Volgens Adams (1973:20) kan effektiewe berading nie sonder die hulp van die Heilige Gees gedoen word nie. Thurneysen (1963:186) voer aan dat die mens ten diepste aangewys is op die Heilige Gees wat lewend maak. Rebel (1981:112) pleit vir 'n pneumatologiese pastoraat waarin geleer word dat die Heilige Gees die mens vernuwe en lei om homself te ontdek. Gedurende pastorale gesprekvoering word op die leiding en werking van die Heilige Gees vertrou vir die implementering van toepaslike Godskonsepte met die oog op die hantering van eksistensiële nood en geloofsgroei by die gespreksgenoot.

## 4.4 Godskonsepte, pastorale gesprek en pastorale praktykteorie

Met die oog op die rol van Godskonsepte tydens pastorale gesprekvoering word in die huidige navorsingsontwerp slegs aandag aan 'n psigopastorale antropologie geskenk. Aansluiting word gevind by Victor Frankl (1967) wat die mens as 'n liggaamlike-psigiese-spirituele-eenheid beskryf.

### 4.4.1 Liggaamlike dimensie

Vir die mens se lewe op aarde is sy liggaam onontbeerlik. Dit vorm sy kommunikasiemiddel met sy medemens en die wêreld. Die liggaam is allermins 'n minderwaardige deel van die mens (Heyns 1988:120-122). Louw (1997: 296) verwys na die ingeweefdheid van die spiritualiteit in die menslike liggaam as hy skryf dat die liggaam die konkrete medium is waardeur God sy teenwoordigheid op aarde via die Heilige Gees bekend maak.

### 4.4.2 Psigiese dimensie

In die psigiese dimensie funksioneer die mens kognitief, affektief en konatief. Kennis van die kognitiewe prosesse help met evaluering van die gespreksgenoot se doelwitte, opvattinge, lewensbeskouings en prioriteite. Die affektiewe komponent verskaf inligting oor die uitwerking van gebeure op die mens se emosionele gedrag. Analise van die konatiewe prosesse help die pastorale terapeut om die motiewe agter sy gespreksgenoot se dade beter te verstaan.

### 4.4.3 Spirituele dimensie

Met sy opmerking "man is spirit" beklemtoon Frankl (1967:63) die spirituele dimensie van die mens. Volgens Frankl (1959:154; 1969:31; 1978: 42-43) is die mens primêr daarop ingestel om sin in die lewe te vind, selfs in lyding en die dood. Die mens word moreel aangespreek "through the conscience of the human person" (Frankl 1969:52). As die mens aan morele opdragte wat tot sy gewete kom, gehoor gee, ervaar hy sin. In ooreenstemming hiermee skryf Louw (1997:297): "Ten diepste word die kwaliteit van die mens se bestaan bepaal deur die doelwitte en waardesisteme wat hy nastreef." Daar word dus in die lig daarvan dat die mens as 'n verhoudingswese wat in besonder in 'n verhouding tot God staan, 'n normatiewe komponent tot die menslike persoon toegevoeg. Daardeur verkry hy 'n etiese dimensie. Die pastorale gesprek wil binne die normatiewe komponent 'n wysiging aanbring sodat die mens as sedelike wese deur God se bestemmingsfunksie vir die lewe gerig word.

## 5. EMPIRIESE BEPALING VAN MENSE SE KONSEPTE VAN GOD

Die insameling van empiriese data oor mense se Godskonsepte is deur middel van 'n aangepaste vorm van die repertoirerooster (sien Kelly 1955:270-272; Van Jaarsveld 1986:111-133) gedoen. Vyftig Afrikaanssprekende blan-

ke manlike en vroulike persone van Christelike geloofsoortuiging is op 'n toevallige basis as respondente vir die ondersoek geselekteer.

Die doel met die empiriese ondersoek was om aan die hand van metafore vir God individue se Godskonsepte te bepaal. Die volgende metafore is gebruik: God as Vader, Geweldige Krag, Vriend, Sadis, Verlosser, Kersvader, Trooster, Bedryfsingenieur, Regter, Rekenaar, Moeder en Towenaar. Inligting wat op hierdie wyse bekom is, is inhoudelik ontleed. Holsti (1969) beskryf die metode.

Allport (1963:303) en ook Gerdes en ander (1981:310-311) dui aan dat mense se ouderdomme 'n rol speel in hulle godsdienstige oriëntasie. Die respondente vir die empiriese ondersoek is gevolglik in drie ouderdomsgroepe volgens Erikson (1963:249-273) se klassifikasie van die volwasse lewensiklus verdeel. Godskonsepte is derhalwe by die volgende drie respondentegroepe geïdentifiseer: individue in die vroeë-volwasse lewenstadium (18 tot 25 jaar), die middel-volwasse lewenstadium (26 tot 59 jaar) en die laat-volwasse lewenstadium (60 jaar en ouer).

## 6. EVALUERENDE BESPREKING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE

Godskonsepte wat by die drie respondentegroepe empiries geïdentifiseer is, word in Tabel 1 vergelyk en verder toegelig.

Tabel 1: Vergelykende evaluering van godskonsepte in volwasse lewenstadia

| AARD VAN GODSKONSEPTE | VROEë-VOLWASSE LEWENSTADIUM | MIDDEL-VOLWASSE LEWENSTADIUM | LAAT-VOLWASSE LEWENSTADIUM |
|---|---|---|---|
| Metafisies-ontologies | Hoë prioriteit | Gemiddelde prioriteit | Lae prioriteit |
| Menslikheidseienskappe | Lae prioriteit | Gemiddelde prioriteit | Hoë prioriteit |
| Paradigmaverskuiwing | Gemiddeld | Gemiddeld | Groot |
| Beoordeling van metafore | Min krities | Gemiddeld krities | Baie krities |
| Aanvaarbaarheid van metafore vir God | Vader, Krag, Vriend, Verlosser, Trooster, Bedryfsingenieur, Regter, Moeder | Vader, Vriend, Verlosser, Trooster, Regter, Moeder | Vader, Verlosser, Trooster, Regter |
| Katarsis | Baie belangrik | Gemiddelde belang | Baie belangrik |
| Gerusstelling | Lae prioriteit | Lae prioriteit | Hoë prioriteit |
| Vertroosting | Lae prioriteit | Lae prioriteit | Hoë prioriteit |
| Doksologie | Afwesig | Afwesig | Lae prioriteit |

Die metafisies-ontologiese eienskappe van God word deur respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium besonder hoog aangeslaan, maar skuif geleidelik laer in prioriteit met die toename in lewensjare. Dit impliseer dat die jonger respondente hegte aansluiting vind by die kerugmatiese model van Thurneysen (1963, 1968, 1976) in sover die absolute soewereiniteit van God deur middel van sy grootheid, onaantasbaarheid en uniekheid beklemtoon word.

Hierteenoor volg die menslikheidseienskappe van God, soos dit in metaforiese spreke oor God na vore kom, die teenoorgestelde patroon. Dit dui daarop dat dit vir individue van die laat-volwasse lewenstadium belangrik is om daagliks met God te kommunikeer en deur Hom versorg te word. Hulle wil te eniger tyd hulle probleme en bekommernisse aan Hom opdra. Daarom geniet ook Godskonsepte waarin gerusstelling en vertroosting figureer, by persone van sestig jaar en ouer, anders as by respondente van die ander twee lewenstadia, hoë prioriteit. Hulle konseptualiseer 'n God in metaforiese sin teenoor Wie hulle hul harte kan uitpraat, by Wie hulle vertroosting, vertroue en liefde vind. Dit is dus duidelik dat die paradigmaverskuiwing van 'n metafisies-ontologiese verklaringsmodel vir God na 'n metaforiese verstaan van God binne kontekste waarna Louw (1997:110-111) verwys, hoofsaaklik by persone van die laat-volwasse lewenstadium gestalte kry en veel minder by individue van die ander twee lewenstadia.

Persone in die laat-volwasse lewenstadium is uiters krities oor watter metafore vir 'n beskrywing van God aanvaar kan word. Die Vadermetafoor met sy versorgingsaspek is vir hulle baie aanvaarbaar. Ander aanvaarbare metafore is *God as Regter, Verlosser* en *Trooster*. Die onaanvaarbaarheid van die metafoor wat God as net 'n geweldige krag beskryf, plaas Pieterse en ander (1993:202) se bevinding dat professionele blanke Suid-Afrikaners neig om God as 'n blote krag te beskou, ietwat onder verdenking, asook De Villiers (1997:56) se mening dat die moderne mens nie meer in mitologiese beelde van God wil glo nie. Daar kan ten minste nie in hierdie opsig na persone van alle volwasse lewenstadia veralgemeen word nie. Persone behorende tot die middel-volwasse lewenstadium is minder krities oor watter metafore beskrywend is van die ware God. 'n Relatief wye verskeidenheid metafore vir God en sy kwaliteite word deur die respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium aanvaar. Dit sluit onder meer metafore soos *God as Moeder, God as Vriend, God as Bedryfsingenieur* en *God as 'n Geweldige Krag* in. Die Vadermetafoor is weens sy patriargale konnotasie (sien Haendler 1971:20; De Villiers 1997:56) by hierdie ouderdomsgroep onder verdenking. Ook is menings uitgespreek wat daarop dui dat individue se persoonlikekonstruksisteme (sien Kelly 1955) 'n invloed het op hulle keuse van aanvaarbare me-

tafore vir God. Dieselfde metafoor, byvoorbeeld *God as Vader*, kan vir die een persoon positiewe en vir 'n ander persoon in dieselfde lewenstadium negatiewe betekenis inhou, afhangende van die individu se persoonlikekonstruk-sisteem.

Vir persone van die vroeë-volwasse lewenstadium is dit belangrik dat daar nie bevelend teenoor hulle opgetree word nie. Erkenning van hulle eie identititeit is baie belangrik (vgl. Gerdes *et al*. 1981:284). Gevolglik konseptualiseer hulle 'n God wat vryheid van besluitneming toelaat deur slegs riglyne te verskaf. Dit staan sterk in kontras met Adams (1973:55) se noutetiese model vir die pastoraat waarin hy skryf dat Christelike berading die gebruik van outoritêre instruksies behels. Persone in hierdie lewenstadium wil ook graag hulle harte uitpraat deur gevoelens van ongelukkigheid, opstandigheid en ontevredenheid te kenne te gee. Dit kan dus verwag word dat hulle geredelik by die eduktiewe model vir die pastoraat, soos deur Hiltner (1958:151) voorgestel, aansluiting sal vind. Die ouderdomsgroep van die middel-volwasse lewenstadium berus geredelik in die feit dat daar oor hulle lotgevalle besluit word sonder dat hulle in die saak geken word. Aanduidings van lofprysing en dankbaarheid is in die Godskonsepte van die twee jonger ouderdomsgroepe geheel en al afwesig, terwyl dit by respondente van die laat-volwasse lewenstadium uiters sporadies voorkom.

## 7. PASTORAAL-TERAPEUTIESE HERSTRUKTURERING VAN GODSKONSEPTE

Daar word met die basiese hipotese gewerk dat sekere Godskonsepte die proses van geloofsvolwassenheid bevorder, terwyl ander Godskonsepte die proses rem en tot geloofspatologie kan lei. Dit het tot gevolg dat verskeie outeurs pogings aangewend het om mense se konsepte van God te kategoriseer (Cavanagh 1992:75; Frielingsdorf 1992:107; Gerkin 1994:60-61). Vir die doel van hierdie navorsingsontwerp word Louw (1997:400-403) se kategorisering as die bruikbaarste beskou. Hy onderskei tussen positiewe en negatiewe Godskonsepte, alternatiewelik gesonde en patologiese of toepaslike en ontoepaslike Godskonsepte genoem. Voorbeelde van metafore vir God wat hy aan positiewe Godskonsepte koppel, is: *God as Vader, Vriend, Verlosser, Trooster* en *Regter*. Metafore vir God wat hy negatief beoordeel, is: *God as Kragreus, Paaiboelie, Kersvader, Outeur/Bedryfsingenieur, Programmeerder/Rekenaar* en *Towenaar*.

Sonder om op volledigheid aanspraak te maak, word die volgende probleemsituasies waarmee gespreksgenote dikwels die pastor nader, genoem: angstoestande, depressie, swak selfbeeld, verslawing, huweliksprobleme,

antisosiale gedrag, behoefte aan katarsis, hooputopie en 'n onbevredigende geloofslewe. Gebrek aan toepaslike Godskonsepte is dikwels die oorsaak van, of ten minste bydraend tot, genoemde probleme. Daarom mag 'n terapeutiese herstrukturering na toepaslike Godskonsepte gedurende pastorale gesprekvoering dan nodig wees.

Van wesenlike belang is die paradigma waaruit die pastorale terapeut hierdie herstrukturering van Godskonsepte fasiliteer. Dill (1996:170) opereer byvoorbeeld uit 'n gekwalifiseerde postmoderne paradigma en impliseer dat hy sy gespreksgenoot tot herstrukturering van Godskonsepte wil lei sonder om voorskriftelik op te tree. Dit kan ernstige implikasies vir etiese norme inhou. Hierteenoor kan verwag word dat 'n terapeut wat byvoorbeeld vanuit 'n direktiewe noutetiese model die Vadermetafoor outoritêr op 'n jong gespreksgenoot wat met 'n negatiewe konnotasie van die vaderbeeld worstel, probeer afdwing, ook probleme kan ondervind.

Addisioneel tot die voorgenoemde tel die feit dat die terapeut se antropologiese beskouings 'n invloed sal hê op sy doelwit met die herstrukturering van die gespreksgenoot se Godskonsepte. In die onderhawige navorsingsontwerp word 'n eties-normatiewe komponent in die psigopastorale antropologie ingesluit. Die herstrukturering van Godskonsepte kan dus nie bloot op die ontwikkeling van menslike potensiaal en 'n gerieflike uitweg uit probleme berus nie. Daar word aangesluit by Noyce (1989:20) wat die mening uitspreek dat mense morele leiding verwag. Etiese norme wat op die Heilige Skrif gegrond is, moet voortdurend as rigtingwyser by die herstruktureringsproses geld. Die oortuiging word derhalwe gehuldig dat die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte gedurende pastorale gesprekvoering Bybelsgefundeerd moet wees. Waar verkeerde of skadelike Godskonsepte bestaan, behoort dit teen die agtergrond van die Skrifgegewens hermeneuties in die pastorale konteks hanteer te word. Met 'n intersubjektiewe benadering kan die pastor die persoon met verkeerde konsepte begelei tot 'n verstaan van sy verkeerde konsepte, eerder as dat gepoog word om die verkeerde konsepte op 'n outoritêre direktiewe wyse reg te stel.

## 8. MODEL VIR PASTORALE GESPREKVOERING


Onder invloed van die psigologie het die klem in die pastorale gesprek grootliks verskuif na insig, katarsis, verbalisering, empatie, relasiebou en kognitiewe herstrukturering. Verskeie outeurs wys daarop dat pastorale sorg wel die psigologie as besondere hulpwetenskap nodig het (Thurneysen 1963:209; De Klerk 1978:41; Kotzé 1971:142; Heitink 1979:275). Daar

word egter ook gewaarsku teen 'n vermenging van pastorale terapie en psigoterapie (Thurneysen 1963:209; Mowrer 1961:60-61).

Kritiese evaluering van vakliteratuur dui op 'n verskil tussen psigoterapie en pastorale terapie ten opsigte van die doelwit, metodiek, antropologie, gesprekstegniek en effek. Tussen die twee terapieë bestaan 'n perspektiwiese verskil. Die psigoterapie benader die mens fenomenologies; vanuit 'n intra- en interpersoonlike perspektief word na die hoogste mate van selfrealisering en kongruensie van die persoonlikheid gesoek. Pastorale terapie benader die mens openbaringsmatig; vanuit 'n geloofsperspektief werk dit met die transendente dimensie van sinvelde, beoog spirituele groei en die hoogste mate van geloofsrealisering by die gespreksgenoot. Die finale doelwit van die pastoraat is die versoening van die mens met God (Wagenaar 1959:66). Om dit te bereik, is dit nodig om volledig van die genadebeginsel in 'n Bybelse antropologie uit te gaan (Janse van Rensburg 1996:157-158). Louw (1984:30) voeg hieraan toe dat die pastoraat die eskatologiese perspektief moet beklemtoon ten einde te voorkom dat die pastoraat sy eiesoortigheid opoffer terwille van 'n psigoterapeutiese populariteit. Klein Kranenburg (1988:36-38) meen dat die proprium van die pastorale gesprek in 'n trialogiese karakter gesoek moet word. Deur die vertolkingsfunksie wat die pastor vervul, is die sprekende God as die derde faktor via die Skrif teenwoordig.

Met inagneming van die eiesoortige aard van die pastorale gesprek en in besonder die fasemodelle van Taylor (1991), Egan (1994) en Louw (1997), word 'n aanvullende model vir die pastoraal-terapeutiese hantering van probleemsituasies in Figuur 1 gepostuleer. In die model kry die rol van godsdiens, die geloofstatus van die gespreksgenoot en sy geloofsgroei met die oog op optimale geloofsvolwassenheid spesiale aandag. Inligting wat met die empiriese ondersoek oor Godskonsepte met betrekking tot verskillende stadia van die volwasse lewensiklus en die individu se persoonlikekonstruk-sisteem aan die lig gekom het, word uit die perspektief van die herstrukturering van Godskonsepte geïmplementeer.

FIGUUR 1: Model vir pastorale gesprekvoering.




Die model, soos in Figuur 1 skematies voorgestel, bestaan uit vier stadia. In elke stadium volg vier logiese stappe op mekaar. 'n Sinoptiese verduideliking van elke stadium werp meer lig op die voorgestelde model vir pastorale gesprekvoering.

*Eerste stadium*. Die onaanvaarbare probleem word geïdentifiseer en omlyn: bespreek die feite rondom die probleem; identifiseer struikelblokke wat hantering van die probleem belemmer, byvoorbeeld 'n belemmerende verwysingsraamwerk as gevolg van ontoepaslike Godskonsepte; bepaal prioriteite vir die hantering van die probleem; evalueer die plek wat godsdiens, en in besonder die gespreksgenoot se Godskonsepte, by die probleem inneem.

*Tweede stadium*. Die gespreksgenoot visualiseer 'n scenario van die situasie met betrekking tot die suksesvolle hantering van die probleem: bepaal moontlikhede vir die oplos van die probleem; omskep die mees realistiese moontlikhede in doelwitte; identifiseer aansporingsmiddels vir die nastreef van die doelwitte; die gespreksgenoot visualiseer sy geloofsideaal met betrekking tot herstruktuering na toepaslike Godskonsepte.

*Derde stadium*. Aksieplanne vir die realisering van die gestelde doelwitte word bepaal: verkry deur middel van 'n ideëberaad soveel strategieë as moontlik vir die bereiking van die gestelde doelwitte; kies die geskikste strategieë, onder meer ook strategieë om ontoepaslike Godskonsepte te herstruktureer; formuleer aksieplanne vir realisering van die gekose strategieë; ontwikkel doelgerigte aksieplanne vir die bereiking van die gevisualiseerde geloofsideaal soos byvoorbeeld die herstrukturering van ontoepaslike of patologiese Godskonsepte in ooreenstemming met die gespreksgenoot se heersende volwasse lewenstadium en persoonlikekonstruk-sisteem.

*Vierde stadium*. Nadat die probleemsituasie suksesvol hanteer is en aktiewe pastorale terapie tot 'n einde gekom het, vind nasorg plaas: bespreek gedurende gereelde opvolgbesoeke Godskonsepte teen die agtergrond van die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium; nooi die gespreksgenoot uit om kwellinge, insluitend sy Godskonsepte, te bespreek; evalueer gedurende huisbesoek die gespreksgenoot se geloofsvolwassenheid met inagneming van sy lewenstadium en Godskonsepte; skakel die gespreksgenoot by gemeentelike groepwerk in.

Hoewel Godskonsepte in al die stappe van die model vir die pastoraalterapeutiese hantering van probleemsituasies ter sprake kan kom, is daar sekere stappe waarin die aanwending en herstrukturering van Godskonsepte besonder relevant is. Dit blyk onder meer belangrik te wees by die evaluering van die gespreksgenoot se geloofstatus, die visualisering van 'n gewenste situasie met betrekking tot sy geloofsideaal, aksiebeplanning vir die bereiking van gestelde doelwitte en al die stappe van pastorale nasorg.

## 9. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Op grond van die voorafgaande bondige uiteensetting word die gevolgtrekking gemaak dat daar ruimte bestaan vir die opgradering van bestaande pastorale gespreksmodelle. Die voorgestelde opgradering vind plaas teen die agtergrond van reeds bestaande modelle vir pastorale gesprekvoering, kennisname van verskille in gespreksgenote se Godskonsepte tydens bepaalde stadia van die volwasse lewensiklus en die individu se persoonlikekonstruk-sisteem. Klem word gelê op die eiesoortigheid van die pastorale

gesprek, 'n psigopastorale antropologie, die gespreksgenoot se geloofstatus en sy begeleiding na optimale geloofsvolwassenheid.

# BIBLIOGRAFIE


ADAMS J E

1973. *Competent to counsel*. Grand Rapids: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

1974. *The Christian counselor's manual*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

1976. *The use of the Scriptures in counseling*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ALLPORT G W

1963. *Pattern and growth in personality*. London: Holt, Rinehart and Winston.

BARTH K

1959. *Kirchliche Dogmatik III 2*. Zürich: Evangelischer Verlag.

BAVINCK H

1918. *Gereformeerde dogmatiek. Tweede deel*. Derde onveranderde uitgave. Kampen: Kok.

BERKHOF H

1962. *De mens onderweg: een Christelijke mensbeschouwing*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

BERKOUWER G C

1957. *Dogmatische studiën: de mens het beeld Gods*. Kampen: Kok.

CAVANAGH M

1992. The perception of God in pastoral counseling. *Pastoral Psychology* 41/2: 75-87.

DE KLERK J J

1978. *Herderkunde*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

1985. *Verbond en bediening*. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

DE VILLIERS H J

1997. *Hoekom is ek hier?* Kaapstad: Human en Rossouw.

DILL J

1996. 'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie. Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

DILL J & KOTZÉ D J
1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. *Acta Theologica* 17(1):1-26.

EGAN E
1994. *The skilled helper: a problem-management approach to helping*. 5th ed. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.

ERIKSON E H
1963. *Child and society*. Second edition. New York: Norton.

FRANKL V E
1959. *Man's search for meaning: an introduction to logotherapy*. Boston: Beacon.
1967. *Psychotherapy and existentialism: selected papers on logotherapy*. New York: Washington Square Press.
1969. *The will to meaning: foundations and applications of logotherapy*. New York: World Publishing.
1978. *The unheard cry for meaning: psychotherapy and humanism*. New York: Simon and Schuster.

FRIELINGSDORF K
1992. *Dämonische Gottesbilder: ihre Entstehung, Entlarvung und Überwindung*. Mainz: Matthias Grünwald Verlag.

GERDES C, OCHSE R, STANDER C & VAN EDE D
1981. *Die ontwikkelende volwassene*. Durban: Butterworth.

GERKIN C V
1994. Projective identification and the image of God: reflections on object relations theory and the psychology of religion. In: Louw 1997:387.

HAENDLER O
1971. *Tiefenpsychologie, Theologie und Seelsorge*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

HEITINK G
1979. *Pastoraat als hulpverlening: inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.
1993. *Praktische theologie: Geschiedenis — theorie — handelingsvelden*. Kampen: Uitgeverij Kok.
1999. *Practical theology: history, theory, action domains.* (Translated by Reinder Bruinsma.) Grand Rapids: Eerdmans.

HEYNS J A
1988. *Dogmatiek*. Halfway House: N.G. Kerkboekhandel.

HILTNER S
1958. *Preface to pastoral theology*. Nashville: Abingdon.
1959. *The Christian shepherd: some aspects of pastoral care*. Nashville: Abingdon.

HOLSTI O R
1969. *Content analysis for the social sciences and humanities*. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.

JANSE VAN RENSBURG J
1996. Verbond en pastoraat: perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *NGTT* 37(1):152-165.

KELLY G A
1955. *The psychology of personal constructs: a theory of personality*. New York: Norton.

KLEIN KRANENBURG E S
1988. *Trialoog: de derde in het pastorale gesprek*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

KÖNIG A
1991. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink*. *Deel 4*. Halfway House: N.G. Kerkboekhandel.

KOTZÉ G J
1971. Die antropologiese onderbou van die Gereformeerde pastoraat met spesiale verwysing na die client-centered Amerikaanse pastoraat. D.D.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

*KRUISPUNT*
Paasuitgawe. 23 April 2000. Kaapstad: Tydskriftemaatskappy van die Ned. Geref. Kerk. (Bylae in *Rapport* Sondag 23 April 2000.)

LEMMER J C
1991. Hipotese-genererende ondersoeke in prakties-teologiese navorsing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):10-19.

LOUW D J
1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief*. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.
1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.

MOWRER O H
1961. *The crisis in psychiatry and religion*. Princeton, New Jersey: Van Nostrand.

MÜLLER B A
1981. *Skrifgebruik in die pastoraat*. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers.

MÜLLER J
1966. *Om tot verhaal te kom: pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

NOYCE G
1989. *The minister as moral counselor*. Nashville: Abingdon.

PESCH O H
1983. *Frei sein aus Gnade: theologische Anthropologie*. Freiburg: Herder.

PIETERSE H J C, SCHEEPERS P L H & VAN DER VEN J A
1993. Plural religious beliefs: a comparison between the Dutch and white South Africans. *Hervormde Teologiese Studies* 49(1/2):189-207.

REBEL J J
1981. *Pastoraat in pneumatologisch perspektief: een theologische verantwoording vanuit het denken van A. A. van Ruler*. Kampen: Kok.

TAYLOR C W
1991. *The skilled pastor: counselling as the practice of theology*. Minneapolis: Fortress.

THURNEYSEN E
1963. *A theology of pastoral care*. Richmond, Virginia: John Knox Press.
1968. *Seelsorge im Vollzug*. Zürich: EVZ-Verlag.
1976. *Die Lehre von der Seelsorge.* 4. Aufl. Zürich: Theologischer Verlag.

VAN JAARSVELD F J
1986. 'n Ondersoek na die loopbaandilemmas van middeljarige mans deur gebruikmaking van die repertoire-rooster. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

VAN PELT J W
1999. *Pastoraat in trinitarisch perspectief: de samehang tussen trinitarische en antropologische aspecten in het pastoraat*. Heerenveen: Uitgeverij Groen.

WAGENAAR L G
1959. *Over een Amerikaanse wijse van pastoraat*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Pastoraat | Pastoral counselling |
| Godskonsepte | Concepts of God |
| Teologiese antropologie | Theological anthropology |